

# ALPHA PHARM APTEEKPERSONEEL KLINIESE ONDERRIG HANDLEIDING

<b>Inhoud</b>	<b>Bladsy</b>
1. Inleiding	2
2. Waarom kliniese onderrig?	2
3. Waarom afstandsonderrig?	2
4. Hoe dit werk	2
4.1 Doelstellings	2
4.2 Hoe die proses werk	3
5. Koste	3
6. Kontakname en telefoonnommers	3
7. Registrasie	4
7.1 Wie mag deelneem?	4
7.2 Hoe om te registreer	4
7.3 Wanneer om te registreer	5
8. Modules	5
8.1 Aantal en frekwensie	5
8.2 Onderwerpe	5
8.3 Komponente	5
8.4 Illustratiewe hulpmiddels	6
9. MKVe - Multikeusevrae	6
9.1 Doel	6
9.2 Wat is 'n MKV?	6
9.3 Die Alpha Pharm VO-Program MKVe	6
9.4 Hoe om die MKV-antwoordkaart te voltooi	7
9.5 Terugstuur van u MKV-antwoordkaart	7
9.6 Nasienstelsel	7
9.7 Slaagsyfer per module	8
10. Module antwoorde	8
11. Sertifikate	8
12. Gespesialiseerde inligting, gespesialiseerde bystand	8

## 1. INLEIDING

Welkom by die Alpha Pharm Apteekpersoneel Kliniese Onderrigprogram! Ons sien daarna uit om met u saam te werk aan 'n onderrigprogram wat ons hoop u stimulerend en nuttig sal vind.

Die Alpha Pharm Apteekpersoneel Kliniese Onderrigprogram is saamgestel om u, die personeellid, wat dikwels die eerste met die klant of pasiënt in aanraking kom, te ondersteun.

Die doel van die program is om te verseker dat u 'n goed-ingeligte apteekpersoneellid is, wat in staat is om pasiënte / klante te verstaan en op 'n professionele wyse met hulle te kommunikeer.

## 2. WAAROM KLINIESE ONDERRIG?

Baie klante besoek die apteek om raad te vra oor 'n mediese- of 'n gesondheidsprobleem, of om medisyne te koop. Hierdie klante verwag dat die apteekpersoneel goed ingelig is oor gesondheidsorgkwessies, algemene siektes wat met oor-die-toonbank medikasie behandel kan word en oor die medisyne wat hulle verkoop.

Om aan die klant se verwagtings te voldoen en om te verseker dat klante die regte raad ontvang oor hulle mediese probleem en die medisyne wat hulle koop, is dit noodsaaklik dat die voorwinkelpersoneel kundig oor kliniese sake is wat hulle moontlik in die apteek sal teëkom. Dit is presies die doelwit van die kliniese onderrigprogram – om te help om u 'n goed-ingeligte personeellid te maak wat met die klante kan kommunikeer oor hulle algemene kwale.

Die huidige vooruitgang in mediese navorsing en die toenemende aantal medisyne op die mark het aanleiding gegee tot 'n 'inligtingsontploffing'. Dit is belangrik dat u op datum bly met die mees onlangse idees en behandelingsmetodes sodat u in staat is om klante toepaslik raad te gee en ook sal weet wanneer om hulle na die apteker of 'n ander gesondheidsorgwerker te verwys.

Apteek voorwinkelpersoneel mag volgens wet slegs Skedule 0 (S0) medisyne verkoop. S1 en S2 medisyne kan deur 'n apteker of 'n apteker-intern of 'n aptekersassistent, wat onder die persoonlike toesig van die apteker optree, verkoop word. In hierdie program sal ons u onderrig oor al die produkte wat beskikbaar is, insluitend dié wat sonder die voorskrif van 'n dokter verkoop kan word – met ander woorde, S0, S1 en S2 medisyne. Ons sal ook verwys na die name van sommige medisyne wat slegs op voorskrif beskikbaar is (Skedule 3 en hoër).

## 3. WAAROM AFSTANDSONDERRIG?

Die program is ontwerp sodat u in u eie tyd en teen u eie tempo kan studeer, sonder dat u êrens heen hoef te reis om lesings of werksinkels by te woon. Die kursus kan in enige deel van die land of die buurlande gedoen word. Om die proses te vergemaklik is die program ook beskikbaar op die internet op ons webwerf by <http://www.insightcpd.co.za>

## 4. HOE DIT WERK

### 4.1 Doelstellings

Alpha Pharm bied hierdie kliniese onderrigprogram aan ter ondersteuning van apteekpersoneel, om u toe te rus om beter ingelig en meer kundig te wees as u met klante / pasiënte kommunikeer.

Die program sal aan u die kennis, vaardighede en benadering verskaf om:

- U in u daaglikse interaksie met klante / pasiënte te help.
- U te help om die klante / pasiënte se probleme te verstaan.
- U in staat te stel om goed-ingeligte raad aan klante / pasiënte te gee.
- U in staat te stel om meer effektief met die klant / pasiënt en apteker of ander gesondheidsorgpersoneel te kommunikeer.
- Te weet wanneer om die klant / pasiënt na ander gesondheidsorgpersoneel te verwys.
- 'n goeie en professionele diens te lewer.

## 4.2 Hoe die proses werk

Die program bestaan elke jaar uit 5 verskillende studie-onderwerpe wat in Engels of Afrikaans, volgens u behoefte, aangebied word. Elke onderwerp word in detail behandel in 'n gedrukte studieboekie of module, wat ook op die internet beskikbaar is. U sal saam met die module 'n multikeusevraestel en 'n gefrankeerde antwoord-poskaart ontvang. Die module pak word aan elke deelnemer geos en is ook op die internet op ons webwerf by <http://www.insightcpd.co.za> beskikbaar.

Die modules word 5 keer per jaar, ongeveer elke 2 maande, aangebied.

Al wat u hoef te doen is om noukeurig deur die gedrukte module te lees en dan die multikeusevrae te beantwoord deur u antwoord langs die korrekte nommer op die antwoordposkaart aan te dui. Daar kan slegs **EEN** korrekte antwoord vir elke vraag wees, bv. **A of B of C of D of E**.

Gebruik asseblief drukskrif om u naam en ander besonderhede duidelik aan te dui en stuur dit verkieslik met **e-pos** of **faks** dit aan ons, sodat ons dit kan nasien. Probeer om nie te raai nie, aangesien ons 'n negatiewe nasienstelsel gebruik en een punt sal vir elke verkeerde antwoord afgetrek word (aangesien dit 'n oopboek toets is)!

### Sluitingsdatums

Die sluitingsdatum vir die indien van antwoorde vir elke module verskyn in die eerste paragraaf van elke Multikeusevraestel. Die gladde verloop van die kursus hang daarvan af of u u antwoorde betyds terugstuur en ons versoek u dus om asseblief u antwoorde op, of voor die sluitingsdatum in te stuur.

U antwoorde sal dan gemerk word en 10 dae na die sluitingsdatum sal u uitslae per pos aan u gestuur word. Dit sal ook op de internet beskikbaar wees by <http://www.insightcpd.co.za> . U sal ook 'n Antwoord en Analise antwoordstel ontvang wat 'n kort verduideliking van die regte antwoorde verskaf.

Aan die einde van die jaar sal suksesvolle kandidate 'n sertifikaat vir die suksesvolle voltooiing van die kursus ontvang.

## 5. KOSTE

Die hele program word deur die Alpha Pharm organisasie geborg ter ondersteuning van die ontwikkeling van personeel in die Alpha Pharm apteke. Apteekpersoneel van Alpha Pharm aandeelhouers en rekeninghouers kan ook deelneem en 'n jaarlikse fooi moet aan die toepaslike groothandelaar betaal word. Apteekpersoneel van ander onafhanklike apteke kan ook deelneem vir 'n jaarlikse fooi betaalbaar via die Aptekersvereniging van SA.

## 6. KONTAKNAME EN TELEFOONNOMMERS

Hulp is slegs 'n telefoonoproep ver!

Die Alpha Pharm Apteekpersoneel Kliniese Onderrigprogram word ontwikkel en staan onder die leiding van Insight Medicine Information - 'n geakkrediteerde verskaffer van voortgesette professionele ontwikkeling van aptekers en apteekpersoneel. Enige navrae wat u in verband met die kursus en die administrasie daarvan het, moet dus gerig word aan die Alpha Pharm VO Bestuurder te Insight Medicine Information, Bryanston.

Ons verwelkom enige navrae, opmerkings of voorstelle van u kant af, kontak ons dus gerus.

Telefoonnommer: 08h30 tot 13h30: (011) 706-6939

Faks: (011) 706 2692 of (011) 463 7650 of 086 660 9527

E-pos: cpdalphapharm@insightmed.co.za

Kontakpersone: Mev. Glynis van der Watt

Mev. Gill Campbell

**LET WEL:** Moet asseblief NIE u navrae aan die Alpha Pharm organisasie rig nie.

## 7. REGISTRASIE

### 7.1 Wie mag deelneem?

Die program is **gratis beskikbaar** vir alle

- Apteekpersoneel werksaam by Alpha Pharm handelsmerk apteke
- Personeel werksaam by Alpha Pharm groothandelaars

Vir 'n jaarlikse fooi:

- Apteekpersoneel werksaam by Alpha Pharm aandeelhouer apteke
- Apteekpersoneel werksaam by Alpha Pharm rekeninghouer apteke
- Apteekpersoneel werksaam by onafhanklike apteke. Betaling geskied via die Aptekersvereniging van SA

### 7.2 Hoe om te registreer

U kan registreer deur die toepaslike vorm te voltooi. Die **vorm** is beskikbaar vanaf u Alpha Pharm verteenwoordiger of Insight Medicine Information (011) 706 6939.

Vorm A: Moet deur personeel by Alpha Pharm **HANDELSMERK** apteke voltooi word.

Vorm B: Moet deur personeel by Alpha Pharm aandeelhouer of rekeninghouer apteke voltooi word.

Vorm C: Moet deur personeel by onafhanklike apteke wat nie 'n rekening by 'n Alpha Pharm groothandelaar het nie, voltooi word. Betaling moet aan die Aptekersvereniging van SA gemaak word.

Of

U kan op die **Internet** registreer op die webwerf <http://www.insightcpd.co.za>

Verskaf asseblief die volgende besonderhede:

- U naam, van en titel
- U ID-nommer
- U selfoonnommer
- U taal voorkeur

- Die naam en adres van die apteek

**Let wel:** Die vorms van deelnemers van Alpha Pharm rekeninghouers en aandeelhouer apteek moet deur die verantwoordelike apteker onderteken word sodat betaling via die toepaslike groothandelaar goedgekeur kan word.

**Stuur** die voltooidde vorm terug na die faksnommer wat op die vorm verskyn of na Insight Medicine Information, Faks (011) 706 2692 of 086 660 9527 of (011) 463 7650 of stuur per e-pos na cpdalpharm@insightmed.co.za.

**Voorbeelde:  
VORM A**

VORM: A



Sligs vir Alpha Pharm Kleinhandel Bemerkingslede

**ALPHA PHARM APTEEKPERSONEEL KLINIESE ONDERRIG PROGRAM**

**INSKRYWINGSVORM 2012**

Registreer ons asseblief vir die 2012 ALPHA PHARM Apteker Personeel Kliniese Onderrig Program.

VAN	VOORNAME	TITEL	VOOR- EN/ NAGENAME	ID. NO./ PASPOORT NR.	TAAI
			ASSIST.		ENG. / AFR.

Apteketempel & Tel. nr. of Naam van Aptek, Adres en Tel.nr.

Stuur Asseblief voltooidde inskrywings terug na:

- POS: POSBUS 218, CRAMERVIEW, 2060 of
- FAKS: (011) 706 2692 of 086 660 9527 of
- E-POS: cpdalpharm@insightmed.co.za of
- Registreer aanlyn by <http://www.insightcpd.co.za>

STUUR SO GOU AS MOONTLIK TERUG.

Indien u enige navrae in verband met u registrasie het, kontak gerus Insight Medicine Information by 011 706 6939 of op sel 0836014567 of e-pos: [plntiv@insightmed.co.za](mailto:plntiv@insightmed.co.za)

**VORM B**

VORM: B

**ALPHA PHARM APTEEKPERSONEEL KLINIESE ONDERRIG PROGRAM - 2012**



Di is met genoeë dat ons die tweede jaar van die hoogs suksesvolle Aptekerpersoneel Kliniese afstandsonderrig-program bekend stel. Hierdie program is spesifiek ontwerp vir voorwetlike aptekassistente.

Hierdie opvoedende program word saam met die Voorgesette Onderrig Program vir aptekers aangebied en die praktiese onderrigende deel personeel in staat stel om kennis en 'n skerp manier te help met algemene mediese kennis en ander module veilig aan te bied. Die onderwerpe vir 2012 sal met HOËS & VERKOLIE, ASMA en PULSIES & ANKIE begin en ander sal daarna volg. Elke module sal versprei word met 'n veelvoudige keuse vraestel en 'n sertifikaat sal toegestaan word na die suksesvolle voltooiing van 4 uit die 5 module vir die jaar. Die program is ook aanlyn op die webwerf <http://www.insightcpd.co.za> beskikbaar.

Om vir 2012 te registreer moet u staps die inskrywingsvorm herhaalder in te vul, die apteker in beheer te laat teken en die so go go moontlik terug te stuur na Insight Medicine Information per faks na 011 706 2692 of 086 660 9527 of e-pos na [cpdalpharm@insightmed.co.za](mailto:cpdalpharm@insightmed.co.za).

Vir meer sligs, kontak Glynis van der Walt by tel: (011) 706-6939, faks (011) 706-2692 of 086 660 9527, sel 083 601 4567 of e-pos: [glynis@insightmed.co.za](mailto:glynis@insightmed.co.za). Of verwys na die bogenoemde webwerf.

SC

**APTEEKPERSONEEL KLINIESE ONDERRIG INSKRYWINGSVORM 2012**

Registreer ons asseblief vir die 2012 Alpha Pharm APTEEKPERSONEEL KLINIESE ONDERRIG Program.

TAAI	Naam	Van	ID. No./Paspoort Nr.	Sekondêre	TAAI
					ENG. / AFR.

Aptek Besonderhede:

Naam van Aptek: \_\_\_\_\_

Aptek Posadres: \_\_\_\_\_

Tel Nr. ( ) \_\_\_\_\_ Faks ( ) \_\_\_\_\_ E-pos: \_\_\_\_\_

Poskode: \_\_\_\_\_

Jaarlikse fees: \_\_\_\_\_

Alpha Pharm Kleinhandel Bemerkingslede aptek: Naam van Aptek: \_\_\_\_\_ Grds:

Voorwetlike aptekassistente per persoon: R1 200.00 (incl. BTW)

Ander Suid-Afrika lande per persoon: R1 360.00 (BTW vrygestel)

Betalingsmetode: \_\_\_\_\_

Van verantwoordelike Apteker in beheer van \_\_\_\_\_

Aptek gee toestemming dat my Alpha Pharm Groothandelaar (kei toepaslike groothandelaar hieronder) \_\_\_\_\_

Wier-Koop	Ons Kaap (PE)	Durban
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>


Handtekening: \_\_\_\_\_

STUUR TERUG AAN: Insight Medicine Information, Posbus 218, CRAMERVIEW, 2060 of  
FAKS NA: (011) 706 2692 of 086 660 9527 of e-pos: [cpdalpharm@insightmed.co.za](mailto:cpdalpharm@insightmed.co.za)  
so go moontlik.

**VORM C**

VORM: C

**AVSA/ ALPHA PHARM APTEEK PERSONEEL KLINIESE ONDERRIG PROGRAM - 2012**



Di is met genoeë dat ons die tweede jaar van die hoogs suksesvolle Aptekerpersoneel Kliniese afstandsonderrig-program bekend stel. Hierdie program is spesifiek ontwerp vir voorwetlike aptekassistente.

Hierdie opvoedende program sal saam met die Voorgesette Onderrig Program vir aptekers aangebied word en die praktiese onderrigende deel personeel in staat stel om kennis en 'n skerp manier te help met algemene mediese kennis en ander module veilig aan te bied. Die onderwerpe vir 2012 sal met HOËS & VERKOLIE, ASMA, en PULSIES & ANKIE begin en ander sal daarna volg. Elke module sal versprei word met 'n veelvoudige keuse vraestel en 'n sertifikaat sal toegestaan word na die suksesvolle voltooiing van 4 uit die 5 module vir die jaar.

Die program is ook aanlyn op die webwerf <http://www.insightcpd.co.za> beskikbaar.

Om vir 2012 te registreer moet u staps die inskrywingsvorm herhaalder in te vul en dit so go go moontlik met bevestig van betaling terug te stuur na Phasance Thibanyani per faks (012) 301-0828, epos: [phthibanyani@insightmed.co.za](mailto:phthibanyani@insightmed.co.za) of tel: (012) 301-0828.

Vir meer sligs, kontak Glynis van der Walt by tel: (011) 706-6939, faks (011) 706-2692 of 086 660 9527, sel 083 601 4567 of e-pos: [glynis@insightmed.co.za](mailto:glynis@insightmed.co.za). Of verwys na die bogenoemde webwerf.

SC

**APTEEK PERSONEEL KLINIESE ONDERRIG INSKRYWINGSVORM 2012**

Registreer my asseblief vir die 2012 AVSA/Alpha Pharm APTEEK PERSONEEL KLINIESE ONDERRIG Program.

TAAI: \_\_\_\_\_ Naam: \_\_\_\_\_ Van: \_\_\_\_\_

Naam van Aptek: \_\_\_\_\_

Posadres: \_\_\_\_\_

Tel No. ( ) \_\_\_\_\_ Sel \_\_\_\_\_ Faks ( ) \_\_\_\_\_

E-Pos: \_\_\_\_\_ ID. No./Paspoort Nr.: \_\_\_\_\_

Engels  Afrikaans

Jaarlikse fees: \_\_\_\_\_

Alpha Pharm Kleinhandel Bemerkingslede aptek: Naam van Aptek: \_\_\_\_\_ Grds:

Voorwetlike aptekassistente: R1 560.00 (incl. BTW)

Ander Suid-Afrika lande: R1 560.00 (BTW vrygestel)

Betalingsmetode: \_\_\_\_\_

Die Apteker ooreenstemming van S.A. bank rekening:

Standard Bank Arcadia Takelode: 010645

Rekening nommer: 013 045 148

Faks kopie van deposito strokies saam met registrasievorm aan Phasance Thibanyani na (012) 301-0828 of epos: [phthibanyani@insightmed.co.za](mailto:phthibanyani@insightmed.co.za) Tel: (012) 301-0828

Tjek inpossluit:

Kredietkaart:  Master:  Visa:

Nommer: \_\_\_\_\_

Verval datum: \_\_\_\_\_

Handtekening: \_\_\_\_\_

STUUR TERUG AAN: Phasance Thibanyani, AVSA, POSBUS 29039, ARCADIA, 0007 of  
Faks (012) 301 0828

**7.3 Wanneer om te registreer**

- Deelnemers behoort so vroeg as moontlik in die jaar te registreer om te verseker dat hulle die kursusmateriaal tydig ontvang.
- Laat registrasies sal aanvaar word, alhoewel sulke gevalle nie noodwendig vir voltooiing van die kursus sal kan kwalifiseer nie (Sien Sertifikate – bladsy 8).

**8. MODULES**

**8.1 Aantal en frekwensie**

Elke eenjarige kursus bestaan uit vyf verskillende modules wat gepos sal word ongeveer twee-maandelikse tussenposes vanaf Februarie tot November.

**8.2 Onderwerpe**

Die onderwerpe wat gekies word sal gesondheidsprobleme aanspreek wat in die gemeenskapsapteek-opset voorkom. Die onderwerpe sal die volgende dek: die oorsaak van die siekte of ongeskiktheid, watter vrae om die pasiënt te vra, hoe om dit die effektiestef te behandel, watter oor-die-toonbank middels om aan te beveel, watter raad om aan die pasiënt te gee en wanneer om die klant / pasiënt na die apteker of 'n ander gesondheidsorgwerker te verwys.

**8.3 Komponente**

Elke module wat uitgestuur word sal bestaan uit:

- Alpha Pharm Module – dit sal ongeveer 16 bladsye van inligting oor die hoofonderwerp van die module bevat.

- MKVe (multikeusevrae) – daar is 20 vrae wat handel oor die inhoud van die module en 5 vrae oor praktiese situasies wat u waarskynlik in die apteek sal teëkom.
- MKV-antwoordkaart (posgeld betaal) – waarop u die antwoorde van die MKVe kan aandui. Dit moet ingevul word en voor 'n spesifieke datum teruggestuur word of aanlyn ingedien word om nagesien te word (Kyk hoe om hierdie kaart in te vul op bladsy 7)
- Antwoorde en Analise inligtingstuk – dit is die korrekte antwoorde met kort verduidelikings wat aan al die deelnemers gestuur word wat antwoorde ingestuur het. Dit word saam met die uitslae van elke voltooide module gestuur. (Sien module antwoorde bladsy 8)
- Uitslagbrief – dit word aan elke deelnemer gepos wat antwoorde ingestuur het, nadat die antwoorde gemerk is.

## 8.4 Illustratiewe hulpmiddels

'n Aantal illustrasies word in die teks gebruik om sekere dele maklik verstaanbaar te maak of om sekere punte te beklemtoon. Alhoewel hulle self-verduidelikend is, stel ons u graag aan die volgende drie voor:

'n Vergrootglas word gebruik om 'n deel aan te dui wat NIE noodsaaklike leesstof is nie. Dit sal gewoonlik 'n besondere item in detail ondersoek; baie lesers sal hierdie dele wil oorslaan, wat hulle met veiligheid kan doen.



Die raadgevende apteker beklemtoon dele van die teks wat handel oor spesifieke punte wat die apteekpersoneel behoort te oorweeg wanneer hulle vir pasiënte raad gee.



Die apteker met die wysstok vestig die aandag op dele van die teks wat besonders belangrik is.



## 9. MKVe – MULTIKEUSEVRAE

### 9.1 Doel

Die doel van die MKVe is nie slegs om die deelnemer te evalueer nie, maar om sy/haar begrip van die studiemateriaal te verbeter.

Terwyl u die MKVe deurwerk sal u verstaan hoe hulle bydra tot die verduideliking en sodoende tot die verbetering van u begrip van die onderwerp.

### 9.2 Wat is 'n MKV?

'n Tipiese MKV bestaan uit:

- 'n vraag of stelling
- 'n aantal moontlike antwoorde of opmerkings

Daar word van die deelnemer verwag om vanuit die moontlike antwoorde die **enkele** mees toepaslike antwoord te selekteer.

### Voorbeeld

#### 1. Sinushoofpyne:

- Word verlig deur die neus te blaas.
- Die pyn is geneig om voor te kom as die persoon wakker word en te bedaar nadat die pasiënt 'n ruk regop gesit het.
- Is primêre hoofpyne.
- Kan slegs met analgetika in kombinasie met antibiotika behandel word.
- Nie een van die bogenoemde is korrek nie

### 9.3 Die Alpha Pharm Apteekpersoneel VO-Program MKVe

Elke module sal 'n afsonderlike afdeling met MKVe op 'n los blaaie insluit.

Daar is 20 vrae gebaseer op die inhoud van die module en 5 gevallestudies wat vrae is wat gebaseer word op 'n praktiese situasie wat algemeen in die apteek kan voorkom.

**Let asseblief op die sluitingsdatum vir inhandiging van u MKV-antwoordkaart.**

Laat indiening vertraag die vrystelling van die uitslae vir almal in die kursus.


### 9.4 Hoe om die MKV-antwoordkaart te voltooi

Neem asseblief kennis dat voordat u die antwoorde invul, u die volgende inligting op die kaart moet verskaf:

- U naam EN van
- U Alpha Pharm Apteekpersoneel VO registrasienommer. Dit verskyn op die adresetiket op die koevert wat aan u ge-pos is.
- Die modulenummer en onderwerp en
- Die naam en adres van u Alpha Pharm apteek of apteekstempel.

Elke vraag sal normaalweg 5 (A, B, C, D of E) moontlike antwoorde hê. Verskaf die MEES TOEPASLIKE ANTWOORD volgens u opinie. U word versoek om u keuse in DRUKSKRIF (slegs een keuse per vraag) langs die ooreenstemmende nommer op u antwoordkaart neer te skryf. Leesbaarheid is baie belangrik aangesien die antwoorde deur middel van 'n rekenaar verwerk sal word.

#### Voorbeeld van MKV-antwoordkaart

MCQ ANSWER CARD			MKV ANTWOORD KAART		
FAX: (011) 706 2692			FAX: (011) 706 2692		
E-MAIL / E-POS: cpd@alphapharm@insightmed.co.za			E-MAIL / E-POS: cpd@alphapharm@insightmed.co.za		
 Pharmacy Staff Clinical Education Programme					
Gebruik asb. drukskrif Please print clearly					
1. A	11. A	21. D	A. P. Coetzee 09091432 ALFA PHARM/VO/CPD REE/NO. 09091432 Dawar no. 5 30/11/2011 ALFA PHARM/VO/CPD REE/NO. 09091432 Alpha Pharm Apteek Bosveldstraat 25 Johannesburg 2001 ADDRESS/STREEK OF ADRES PHARMACY STAMP OR ADDRESS		
2. B	12. E	22. B			
3. B	13. C	23. D			
4. C	14. E	24. A			
5. E	15. A	25. C			
6. A	16. C				
7. E	17. D				
8. C	18. D				
9. B	19. E				
10. D	20. A				

### 9.5 Terugstuur van u MKV-antwoordkaart

**LW. Die Antwoordkaart moet teruggestuur word sodat dit ontvang word voor, of op die sluitingsdatum soos aangedui op die MKVe van daardie betrokke module.**

Alhoewel daar gepoog word om MKVe wat laat ingedien word te merk, vertraag dit die gerekenariseerde nasien van antwoorde vir alle deelnemers.

U kan ook antwoorde **aanlyn** instuur via die internet. Om dit te doen, moet u registreer op die webwerf <http://www.insightcpd.co.za> om 'n verbruikersnaam en wagwoord te verkry. Gebruik die "login" funksie om toegang tot u persoonlike profiel te verkry. U sal 'n "Take the Test" opsie op die kontrolepaneel sien. Om u antwoorde vir vorige modules in te stuur, klik op die lys van "Modules" en dan op "Further Information" langsaan die onderwerp en dan sal "Complete the Questionnaire" verskyn. Sleutel u antwoorde in en druk dan "Save for Later" om dit later klaar te maak, of "Submit" as u gereed is om dit in te stuur.

### 9.6 Nasienstelsel

Om die maksimale voordeel uit die module en die MKVe te verkry, is dit belangrik dat u



die moontlike antwoorde noukeurig oorweeg eerder as om 'n raaskoot te waag.

Die stelsel wat gebruik word om die Alpha Pharm Apteekpersoneel Kliniese Onderrigprogram na te sien is ontwerp om diegene wat die vrae korrek antwoord te beloon en om foutiewe antwoorde te penaliseer.

Hierdie merkstelsel is akademies goedgekeur.

Punte word as volg bereken:

Korrekte antwoord: 4 punte

Verkeerde antwoorde: -1 punt

Geen antwoord: 0 punte

Hieruit is dit vanselfsprekend dat indien u onseker oor die korrekte antwoord is, dit beter is om die vraag ONBEANTWOORD te laat eerder as om te raai.

## 9.7 Slaagsyfer per module

Om 'n individuele module te slaag moet u 65% behaal.

Nadat die MKVe gemerk is, sal elke deelnemer in kennis gestel word van die punte wat sy/hy vir die besondere module behaal het. Die uitslae sal ook op die webwerf beskikbaar wees en deelnemers sal per e-pos en/of sms ingelig word dat die uitslae beskikbaar is.

## 10. MODULE ANTWOORDE

Nadat die MKVe gemerk is, sal deelnemers wat hul antwoorde teruggestuur het, van hulle punte in kennis gestel word en Modelantwoorde vir daardie spesifieke module ontvang.

Hierdie Modelantwoorde sal verduidelik waarom sekere moontlike antwoorde nie toepaslik is nie en sal sodoende in die leerproses behulpsaam wees.

### Laat antwoorde

Ons probeer behulpsaam te wees deur laat antwoorde te merk indien moontlik, maar ons behou die reg voor om te weier indien omstandighede dit vereis.

## 11. SERTIFIKATE

Sertifikate sal jaarliks aan deelnemers toegeken word wat die kursus suksesvol in daardie jaar voltooi het.

Die maatstaf vir suksesvolle voltooiing van 'n jaar se kursus is die verwerwing van die slaagsyfer (65% of meer) in ten minste 4 van die 5 modules wat gedurende die jaar aangebied is.

Vir deelnemers wat al 5 modules geslaag het, word die finale punt bereken deur die 4 hoogste punte te gebruik.

Dit is dus moontlik om die kursus te slaag sonder dat al 5 modules voltooi is, met die voorwaarde dat u suksesvol in 4 modules is.

Hierdie sertifikaat is die Alpha Pharm organisasie se erkenning van u suksesvolle strewe om u kliniese kennis te verbeter en 'n meer professionele diens in die apteek waar u werk, te lewer.

## 12. GESPECIALISEERDE INLIGTING, GESPECIALISEERDE BYSTAND

Soos aangedui in 'Kontakname en Telefoonnommers' is Insight Medicine Information (Edms)Bpk verantwoordelik vir die ontwikkeling en administrasie van die Alpha Pharm Apteekpersoneel Kliniese Onderrigprogram. Indien u bykomende leeswerk oor enige gespesialiseerde onderwerp wil doen, sal ons u help om die beste bron van inligting te vind.